*Dinsdag* 27 Januarie

Skrifgedeelte: Spreuke 28:13-14 (AFR53/83/2020)

Fokusgedeelte: Spreuke 28:13

Barmhartigheid is vir dié wat hulle sondes erken, bely en laat staan

God is barmhartig en genadig teenoor alle mense, maar méér teenoor dié wat hulle sondigheid besef, erken, bely en laat staan. As mens is ons van nature geneig om te ontken dat ons verkeerd is. Ons steek ons oortredinge ook graag weg en hoop om so beter af te wees.

Maar vir geen mens is dit gesond nie. Selfs nie vir die ongelowige wat hoop om genade te vind by sy medemens nie. Byvoorbeeld, dié mens wat in 'n hof sy oortredinge hoogmoedig verdoesel, kan 'n swaarder straf verwag as die een wat nederig sy skuld erken en bely. Indien sy verdoeseling slaag, sal hy sy oortreding later herhaal om dan uitgevang te word.

As gelowiges moet ons weet dat ons hemelse Vader alles van ons af weet en dat Hy 'n duur prys betaal het deur sy Seun in ons plek te laat sterf. Ons het dus reeds genade ontvang om met God versoen te wees. Maar daar is nog guns van God beskikbaar.

God se genade en barmhartigheid ontvou elke dag nog meer aan die mens wat nederig sy skuld erken, dit bely en dan ook daarmee staak. Behalwe dat dit vir die persoon self emosioneel verligting bring, sal ons minder neig om dié misdaad weer te doen. So bring dit meer vrede met God en medemens en is spontane vooruitgang en voorspoed moontlik.

Daarom is 'n gesonde selfkonsep en 'n nederige bereidheid om jou sondes teenoor God en jou medemens te erken, te bely en daarmee op te hou belangrik om genade op genade vir die tydelike lewe te ontvang (Joh. 1:16). Kom ons verhard nie ons harte nie, maar ons reageer positief op die Heilige Gees wat ons daagliks oortuig van ons sondes en ons die krag gee om volgens God se wil te leef.

*Sing: Psalm 139-1:1, 2, 12*

*Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)*